Kantoor in Londen geopen

Een van die belangrike inisiatiewe wat Verpleegkunde vanjaar begin het, was om met die hulp van die Telematiese Interaktiewe Opvoedingseenheid van die Universiteit Stellenbosch, 'n "klaskamer" in Londen te open om aan die groot getalle Suid-Afrikaanse verpleegsters wat in die Verenigde Koninkryk woon en werk, toegang te bied tot die departement se nagraadse programme.

Welmann (kyk vorige bladsy) en haar span hoop om op hierdie wyse baie van hierdie verpleegsters aan te moedig om terug te kom na Suid-Afrika. Sy sê Suid-Afrikaanse verpleegsters wat oorsee werk, word op die laagste moontlike vlak ingeskakel wanneer hulle terugkom na Suid-Afrika - ten spyte van ondervinding wat hulle oorsee opgedoen het. Verpleegsters wat die nagraadse kursusse, wat deur die Londense "klaskamer" aangebied word, bywoon en slaag, sal in Suid-Afrika by die Verplegingsberoepraad geregistreer word. "Dit stel hulle in staat om na Suid-Afrika terug te kom, nie net met eerste wêreldondervinding nie, maar ook met beter kwalifikasies," sê Welmann.

Prof Barene Welmann (in die middel), saam met dosente en personeel van die Departement Verpleegkunde.

Situasie in SA sal moet verander

Sy beklemtoon dat die Regering ook 'n verantwoordelikheid het in hierdie verband. "Verpleegsters sal nie terugkom as dinge nie in die werkplek verander nie," sê sy. "Daar is etlike stappe wat dringend nodig is om die situasie te verbeter, onder meer dat professionele verpleegsters uit die buiteland op gepaste werksvlakke ingeskakel word en gepaste salarisse ontvang. Terselfdertyd moet die salarisse van alle verpleegsters as 'n saak van dringendheid hersien word, en daar moet voorsiening gemaak word vir alternatiewe opsies ten opsigte van werksure - insluitende fleksietyd vir verpleegsters wat vir die beroep verlore geraak het as gevolg van die lang en moeilike werksure."

Sentrum kry R28 miljoen

Meer as R28 miljoen is aan die Universiteit Stellenbosch toegeken vir die werk van die Sentrum vir Tuberkulosenavorsing en –opleiding in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.

Dié sentrum is deel van Create (Consortium to Respond Effectively to the Aids-TB Epidemic) wat pas 44,7 miljoen Amerikaanse dollar van die Bill en Melinda Gates-stigting ontvang het. Oudpresident Nelson Mandela het dié befondsing aangekondig by die vyftiende internasionale vigskonferensie in Bangkok, waar hy gesê het: "Die wêreld het die stryd teen vigs 'n hoogste prioriteit gemaak. Maar tuberkulose word steeds geïgnoreer. Ons doen vandag 'n beroep op die wêreld om te erken dat ons nie vigs kan bestry as ons nie veel meer doen om TB ook te beveg nie."

Prof Nulda Beyers, een van dié sentrum se twee direkteure en verbonde aan die Departement Pediatrie en Kindergesondheid, is die leier van die Stellenbosch-groep wat saam met navorsers uit Zambië ondersoek sal instel na die moontlikheid om die voorkoms van tuberkulose deur kreatiewe gemeenskaps- en skoolopvoedingsprogramme te verlaag. Dié studie sal in 24 Afrika-gemeenskappe gedoen word (agt in Suid-Afrika en 16 in Zambië) en die totale befondsing hiervoor is 17 miljoen dollar waarvan meer as 28 miljoen Rand aan die Universiteit Stellenbosch toegeken is.

Prof Nulda Beyers van die Sentrum vir Tuberkulosenavorsing en –opleiding in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe.